# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY UITGAWE OP GESAG

10c Friday 11 November 1977 WINDHOEK Vrydag 11 November 1977 No. 3666

CONTENTS:

| PROCLAMATION: | Page |
|---|---|
| No. AG. 8 Marriage Amendment Proclamation, 1977 | 1 |

INHOUD:

| PROKLAMASIE: | BLadsy |
|---|---|
| No. AG. 8 Wysigingsproklamasie op Huwelike, 1977 | 1 |

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 7 November 1977)*

No. AG. 8 1977

AMENDMENT OF THE MARRIAGE ACT, 1961 (ACT 25 OF 1961)

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN

Administrator-General Windhoek, 9 November 1977

SCHEDULE

*Amendment of section 2 of Act 25 of 1961, as amended by section 2 of Act 51 of 1970*

1. Section 2 of the Marriage Act, 1961, is hereby amended by the insertion in subsection (2) before the word "for" of the words "subject to the provisions of section 5 *bis*,".

*Amendment of section 3 of Act 25 of 1961, as amended by section 3 of Act 51 of 1970*

2. Section 3 of the Marriage Act, 1961, is hereby amended by the deletion, in subsection (2), of the word "and", and of paragraph (c).

## PROKLAMASIE

deur die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 7 November 1977)*

No. AG. 8 1977

WYSIGING VAN DIE HUWELIKSWET, 1961 (WET 25 VAN 1961)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN

Administrateur-Generaal Windhoek, 9 November 1977

BYLAE

*Wysiging van artikel 2 van Wet 25 van 1961, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 51 van 1970*

1. Artikel 2 van die Huwelikswet, 1961, word hierby gewysig deur in subartikel (2) voor die woord "vir" die woorde "behoudens die bepalings van artikel 5 *bis*," in te voeg.

*Wysiging van artikel 3 van Wet 25 van 1961, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 51 van 1970*

2. Artikel 3 van die Huwelikswet, 1961, word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woord "en", en paragraaf (c), te skrap.

*Insertion of section 5 bis in Act 25 of 1961*

3. The following section is hereby inserted in the Marriage Act, 1961, after section 5:

"Authority of marriage officer in South West Africa.

5 *bis* Notwithstanding anything to the contrary contained in this Act or a prior law or in any written instrument issued in terms of section 4 or a prior law, any person who is a marriage officer for the territory of South West Africa or any part of it, may solemnize marriages in that territory or in such part of it, as the case may be, between persons generally and not only between persons belonging to any particular population group or class of persons.".

*Short title*

4. This Proclamation shall be called the Marriage Amendment Proclamation, 1977.

*Invoeging van artikel 5 bis in Wet 25 van 1961*

3. Die volgende artikel word hierby in die Huwelikswet, 1961, na artikel 5 ingevoeg:

"Bevoegdheid van Huweliksbevestiger in Suidwes-Afrika.

5 *bis* Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet of 'n vorige wet of van 'n geskrewe stuk ingevolge artikel 4 of 'n vorige wet uitgereik, kan iemand wat 'n huweliksbevestiger vir die gebied Suidwes-Afrika of 'n deel daarvan is, in daardie gebied of in daardie deel daarvan, na gelang van die geval, huwelike voltrek tussen persone in die algemeen en nie slegs tussen persone wat tot 'n bepaalde bevolkingsgroep of kategorie persone behoort nie.".

*Kort titel*

4. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op Huwelike, 1977.

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika